

WELCOME TO
KARAS REGION
 Onderweg na Aanpassing


Klimaatsverandering

Klimaatsverandering is die verandering in die aarde se “gemiddelde weer” oor ‘n tydperk. Dit is gewoonlik ‘n stadige, natuurlike proses, maar die hedendaagse klimaatsverandering gebeur te vinnig as gevolg van ons leefstyl wat op fossielbrandstof gebaseer is. As fossielbrandstof verbrand, word koolstofdioxid CO₂ in die atmosfeer vrygestel. Daardeur word die aarde se oppervlak temperatuur verhoog.



Die grootste impak van klimaatsverandering is onvoorspelbare en onreëlmatige weerpatrone, met algemene verminderde reënval en verhoogde temperature. Dit sal die veeboerdery negatief beïnvloed.

Pas bestuurspraktyke aan



Buigsame bestuurspraktyke vir veeboerdery wat op omgewings-toestande gebaseer is, gee aan boere die moontlikheid om vinniger te reageer op die veranderende klimaat.

Dit kan die verhoging van natuurlike plantbedekking en die teel van vee vir klimaatweerstandigheid insluit.

Aanpassing deur verbeterde beleid en samewerking

Die regering het verskeie riglyne in plek om op klimaatsverandering te reageer. Klimaatsverandering is egter nog nie deel van die nasionale ontwikkelingsbeplanning nie. Verbeterde wetgewing kan tot ‘n vennootskap tussen die publieke en private sektor lei, wat tot voordeel van die biodiversiteit en landelike voortbestaan sal strek.



Aanpassing aan klimaatsverandering

“Om deur droogteperiodes te oorleef, moet ons nooit ophou aanpas nie” - Karas-boer

Klimaatsverandering sal boerdery soos dit vandag beoefen word, verander. Die veranderinge sal vir elke boer en area verskillend wees. Daarom is ‘n verskeidenheid aanpassings noodsaaklik. Die belangrikste stap is om inligting uit eie ervaringe, bure se ondervindinge en met hulp van goeie monitorsisteme te versamel.




Aanpassing deur diversifikasie

Diversifikasie van landgebruik kan realiseer word deur die lewensvatbare gebruik van die bestaande biodiversiteit. Dit sluit b.v. in fotoerisme, trofeeëjag, lewende wild en wildsvleisverkope en die verbouing van inheemse plante soos die hoodia. Hierdie tipes van landgebruik reageer beter op klimaatsveranderinge.



Hierdie plakkaat is goedgegunstig geborg deur die Three Nations Namib Desert Transfrontier Conservation Area (TNNDTCA) projek van:



Saamgestel deur NaDEET



Ontwerp: Dirk Heinrich Photo Library 2010